16/2021
menlo-insig
Kortom

## LIEWE MENLO

Dit is Juniemaand en ons is in die hartjie van die winter; die ysige temperature 'n konstante herinnering dat die Menlo-span die pylvak van die reis na die kruin van K2 nader.

Die kronkelpad lei ons graad 8– en 9–leerders deur Menlo se klasse waar hulle broodnodige vaardighede aanleer om die eerste fase van hulle hoërskoolloopbane op 'n hoogtepunt af te sluit. Daar wag 'n wintereksamen op die graad 10– en 11–leerders, terwyl die matrieks voor 'n unieke uitdaging – 'n blitseksamen – staan. Vele vraestelle. Min dae. Steil. Intens. Kragtig.

Die laaste ent van die pad is nie maklik nie. Tog loop dit verby opwindende geleenthede – ons moet net fyn kyk – want geleenthede vermom hulleself dikwels as uitdagings. Die skool is juis nou dankbaar vir die matrieks se akademiese leiding, want hierdie dinamiese groep het verlede kwartaal gewys dat uitdagings hulle kos is. Met nie minder nie as 135 matrieks met A-gemiddelde, is die skool se onberispelike akademiese reputasie in veilige hande. Dankie matrieks. Dankie dat julle onverpoos werk om die beste akademiese weergawes van julleself te word. Elkeen sal die vrugte van sy/haar arbeid pluk.

Selfs pasaangeërs raak soms moeg en daarom plaas ons vandeesweek elke matrikulant se foto en die name van die graad 12's met A-gemiddelde. Met hierdie gebaar sê ons graag: "Sterkte vir die blitseksamen. Menlo staan agter julle. Elke matrikulant en elke Parkie wat sy/haar doelwitte bereik, is 'n inspirasie. Julle is die hart van Menlo."

*Carmen van Niekerk, Mea van Zyl, Heino Prinsloo, Michelle van Wyk, Reinhardt Lubbe, Amelie Lubbe, Jean de Waal, Louise de Kock, Jeanni Labuschagne, Schazelle Roux, Pieter le Roux, Lucka van Straten; Jade Bekker, Arno van der Walt, Chanelda Stolk, Franco Breedt, Marnes Kruger, Carmen Cloete, Zani van der Merwe, Aleze Griesel, Elné Lategan, Brad Janse van Vuuren, Amoné du Toit, Kanya Oberholzer, Jandre Verster, Renée Melcher, Firnay Arends, Micae Myburgh, Chrizel Beyers, Vianca Hattingh, Michael Richter, Elizna Schutte, Claurette Oosthuizen, Zander Landman, Liam Calder, Dries van Zyl, Matt Mac Donald, Jenna Hewitt, Leon Hattingh, Giovanni Roberts, Wian de Klerk, Nadia Bouwer, Kristin Victor, Chandré Esterhuyse, Delani Coetzer, Kiara Liebenberg, Carmen Schmulian, Nicole Maree, Corlia Gouws, Lauren Coetser, Henco Jacobs, Danae van der Merwe, Craig Hasenjager, Dominique Potgieter, Moshé de Wet, Kayla Botes, Alayna van de Vyfer, Claudia de Klerk, Michelle van der Merwe, Cara du Plessis, Marinez Buitendach, Leri Botha, Carla Coetzee, Friedrich Leuschner, Cristelle Oerlemans, Benett Nel, Lara Genis, Duan Weyers, Pieter Dicks, Carli Potgieter, Justin Fourie, Megan van Eck, Iwan Lubbe, Gustav Mc Cabe, Marelie Jordaan, Inge Müller, Stephan Johnson, Kayla Aldum, Jonathan Wilson, Estri Albertyn, Hayley Shackleton, Carla Petersen, Mark Cameron, Alrich Smit, Jennifer Mouton, Armand van Zyl, Charl P. Pretorius, Margaret Möller, Tinus Bornman, Yra Vogelsang, Mila de Muelenaere, Yvonne Slippers, Mieke Labuschagne, Katya Muller, Nadia Frylinck, Nicole Vermaas, Talia Behr, Shanél Botha, Juan van der Westhuizen, Christiaan Daniels, Ruan Breed, Leah Venter, Hilda Nel, Jessica Wilcocks, Lizzie Cloete, Igor Cilliers, Larise van Ginkel, Chaan Rowan, Mia Vermeulen, Louis van den Heever, Hanco Benade, Mila Compaan, Danie Schutte, Jacques de Villiers, Carli Jansen van Rensburg, Milan Colyn, Doné Lategan, Emma Pretorius, Johnny Lochner, Charlize Beyer, Nadia Kruger, Philip Morkel, Maruné de Bruyn, Marizel Hoogendoorn, Mené van Dyk, Giselle Gurschler, Hanlie Botha, Annika Fechter, Jani Olivier, Arno Weyers, Marnel Janse van Rensburg, Leila Mellet, Megan Fourie, Leané van Wijk en Leanné Rademeyer.*




#DieMenloSpanStaanAgterJulle

# MENLO-MATRIEKS 2021



#MENLOTROTS

## OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Efesiërs 3:20-21**

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

## DAGBOEK

**11/6** Koelkas: 12:45 tot 14:30 / 12 Geo

**14/6** 12 LO

**15/6** 8 Wisk; 9 Tegn; 10 Wisk; 11 Wisk; 12 Besigh

**16/6** Jeugdag

**17/6** Akademie: Gasvryheid (Gr. 10-restaurantaand) / 12 Wisk

**25/6** Sperdatum vir die inhandiging van eisteddfod-uitslae by me. Van Papendorp. Volg die skakel vir meer inligting.

## ALGEMEEN

### Pos jou strokie vir Menlo!

'n Mens het nie 'n seël of internetverbinding nodig om jou strokie by Menlopark SPAR te pos nie. Menlopark SPAR ondersteun die skool deur 'n persentasie van die aankope deur Menlo-mense aan die skool terug te betaal. Maak dus seker dat jy jou strokie in die Menlo-bus voor in Menlopark SPAR plaas. Die skool bedank graag die SPAR vir hulle bereidwilligheid om te help en vir hulle ondersteuning.

Moet dus nie jou strokie weggooi nie, maar pos dit asseblief vir Menlo!



## AKADEMIE

### 32 tande in 'n mond; dan val daar nie pap op die grond

Wanneer dit by tande kom, is 32 'n belangrike getal, want dit is hoeveel knersers die skaap, mens, hiëna, bobbejaan en luiperd veronderstel is om te hê. Dit maak nou nie saak of die hoofbestanddeel in jou dieet plante, vleis, of 'n kombinasie van die twee is nie – mens en dier het 32 tande nodig om 'n maaltyd te geniet.

Vir die graad 11-leerders in die LW-klas is hierdie interessante feit natuurlik algemene kennis, want hulle het vandeesweek 'n behoorlike studie van die gebitte van herbivore, karnivore en omnivore gemaak. Die graad 11's het uit die aard van die saak nie met 'n mond vol tande gesit en die inligting langtand verteer nie, maar hulle het reg (in die vorm van verskeie gebitte) in eie hande geneem en weliswaar die ooreenkomste en verskille tussen die gebitte met hare op hulle tande ontleed. Dié fassinerende les was ongelukkig verby voor die hoenders kon tande kry.

Die LW-leerders het gelukkig nie meer afgebyt as wat hulle kan kou nie en een en elk beskou hulle nou as meesters op die gebied van tande – dit is veral die navorsing oor soettande wat die leerders se belangstelling gaande het. Na gesprekke met konsultante wat hulleself daagliks met die restourasie van tande besig hou, is die soettand egter 'n verskynsel wat met hand en tand beveg moet word. By Menlo word die spit gelukkig nie afgebyt nie, want hier byt ingewikkelde werk in die stof terwyl die Parkies aan uitstekende punte herkou.











## Op soek na talent? Menlo het die antwoord!

Die toekoms van die *Computer Talent Search* is na afloop van vanjaar se kompetisie moontlik in die gedrang aangesien die organiseerders waarskynlik besef het dat 'n grootskaalse soektog na talent oorbodig is. Dié kry jy volop op Menlo-bodem.

Die Computer Talent Search, 'n inisiatief van *The Institute of IT Professionals of South Africa* (IITPSA), is 'n olimpiade wat nie sonder deeglike kennis van Wiskunde, Wetenskap, Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassingstegnologie aangepak kan word nie.

Die vrae vereis van leerders om hulle kennis van 'n reeks vakke op ingewikkelde probleme toe te pas om sodoende met kreatiewe oplossings vorendag te kom wat enige blikbrein voor die voet op die neus sal laat kyk.

Kyk 'n mens na die uitslae, is dit duidelik dat die Parkies kan toepas, bereken, evalueer, interpreteer, oplos en ontleed.

Selfs die uitslae moenie op sy baadjie getakseer word nie, want daar skuil veel meer betekenis agter die onderskeie sertifikate as wat 'n mens aanvanklik besef.

Leerders wat goue sertifikate verwerf het, beklee posisies onder die top 7% in die land (foto's hiernaas); leerders wat silwer sertifikate verwerf het, is landswyd onder die top 21% en dié met brons sertifikate is onder die top 50%.

Baie geluk aan elke Menloparker wat tydens die Talent Search gewys het dat hulle nie net blikslim is nie, maar baie slim!

### Goud

| | | | |
|---|---|---|---|
| Luke Alexander | Anrich Booysen | Corne Snyman | Arno Meyer |
| Erika Minnaar | Fredrich Rossouw | Dannhauser vd Merwe | Burnett Steyl |
| Francois vd Walt | David van Eeden | Josh Welgemoed | WG Smit |
| Gerard Jordaan | Cari Bellingan | Antonie Pieterse | Ian Smith |

### Silwer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Anika de Klerk | Nicola du Plessis | SP Engelbrecht | Imani Venter |
| Johan Hanekom | Eugene Kriek | Danae Louw | Hannes Louw |
| Brent Smith | Willem vd Merwe | Stephan van Dyk | Dylan Botha |
| Lukas Brink | Janu de Beer | Wildré Fourie | Ben Gerber |
| Stefan vd der Bijl | Rigardt Bosch | Michael Soloman | Divan Heyman |
| Reghardt v Biljon | Nathanael Friend | Teagan Visser | |

### Brons

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ivan Malan | Micae Myburgh | Pieter Beyers | Elzaan Biggs |
| Retief Hofmeyr | Tristan Johnson | Albie Maree | Ruben Marx |
| Casper Naudé | Almieke Bronkhorst | Corné Botha | Ruben Burger |
| Dewald Buys | Jeanne Craig | Johnathan Dawkins | Celine de Kock |
| Déan de Kock | Marthinus Delport | Jandré Dickinson | Alexa Diemont |
| Wian du Toit | Kian Honiball | Juanique Jooste | Chris Nel |
| Marnus Keet | Ruben Marx | Connor McDonogh | Aiden Smith |
| Jubert Erwee | Melissa van Belkum | Tshifhiwa Musenwa | Carla van Wyk |
| Lane van Wyk | Zané Viviers | Carmen Walliser | Mariun de Jager |
| Ethan Joubert | Ezra Labuschagne | Wiehann Badenhorst | Joel Turner |
| Maegan Chisholm | Rudie Erasmus | Jeannedré Rosewall | Regardt Grobler |
| Dewaldt Horn | Megan Norval | Chloe Pienaar | Isabella Pretorius |
| Cassius Stringer | Rulé vd Merwe | Botha van Greunen | Petrus Uys |
| Arno Sinovich | Edrich van Heerden | Franco vd Westhuizen | |

# KULTUUR

## Menlo-debatspanne dring deur na ATKV-finaal

Niemand kan daarmee stry dat tieners die kuns van debattering absolut vervolmaak het nie. Teen die tyd wat die laaste argument gevoer is, is die skrif gewoonlik aan die muur. Deur die onderwerp noukeurig te ontleed en te interpreteer, akkumuleer tieners gewoonlik genoeg skietgoed om die meeste volwassenes se argumente aan flarde te skiet. Voeg daarby die kennis en ervaring van kundige maats, en ouers kan netsowel die wit vlag hys voor die debat begin.

Wanneer twee hoërskoolspanne mekaar die stryd aansê, is die speelveld gelyk en kan die afrigters en beoordelaars uitsien om die wysheid wat slegs tieners in pag het, aan te hoor. Die kalmte en *poise* waarmee Menlo-debatspanne op die verhoog stap, verklap gewoonlik weinig van die ammunisie in hulle woordeboekgewere waarmee die argumente van opponente sorgvuldig weerlê word.

Die doel van deelname aan debat is enersyds om kritiese denke te stimuleer en andersyds om die skool by die ATKV-Debatskompetisie te verteenwoordig. Die uitdunronde van hierdie kompetisie het aan die einde van Mei plaasgevind en daar was nie minder nie as veertien Menlo-spanne in aksie.

Om 'n debatstoespraak te skryf, sit nie in enigeen se broek nie en daarom wens die skool elke deelnemer wat aan die uitdunronde deelgeneem het, geluk. Junior spanne bestaan uit drie deelnemers en moes vanjaar debatteer oor: *Geskiedenis behoort (nie) 'n verpligte vak in Suid-Afrikaanse hoërskole te wees (nie).*

Senior spanne bestaan uit twee lede en hulle onderwerp was as volg: *Die onttrekking van multinasionale maatskappye aan Suid-Afrika behoort die land (nie) tot voordeel te strek (nie).*

### Juniors
Lelize van der Walt, Carli Dicks & Ilme Taljaard; Carli van Wyk, Lize Booysen & Viljee Smit; Daniélle de Wet, Anje van Papendorp & Keira de Jager; Anielke Heydenrych, Amelie Melcher & Reinhardt Steyn; Lente van Nieuwenhuizen, Leané Labuschagne & Kayleigh Rippel, Zylia Pretorius, Cornélle Venter & Keagan Rosewall.

### Seniors
Alrich Smit & Cristelle Oerlemans; Niencke Bloem & Janke Vogel; Karolien Palmer & Johannes van Jaarsveld; Leanné Rademeyer & Hanlie Botha; Milandri Schutte & Sheliza de Wet; Johnny Lochner & Bernu Pieters; Reghardt van Biljon & Adriaan Venter; Rulé van der Merwe & Rijanli Oerlemans.

Die skool het vandeesweek die uitslae van die ATKV ontvang en die volgende spanne, het 'n posisie onder die top-10-spanne in Gauteng-Noord behaal:

**Juniors:** Lelize van der Walt, Carli Dicks & Ilme Taljaard; Carli van Wyk, Lize Booysen & Viljee Smit.
**Seniors:** Niencke Bloem & Janke Vogel; Karolien Palmer & Johannes van Jaarsveld; Leanné Rademeyer & Hanlie Botha; Milandri Schutte & Sheliza de Wet; Rulé van der Merwe & Rijanli Oerlemans.

Die goeie nuus stop egter nie hier nie, want twee van Menlo se junior spanne het na die nasionale finaal, wat in Augustus by Buffelspoort plaasvind, deurgedring, Baie geluk aan Lelize, Carli & Ilme asook aan Carli, Lize en Viljee. #JulleLaatDieTongeKlap

Die afrigters, me. Sunel Rossouw (juniors) en mnr. Corné van Wyk (seniors), verdien spesiale vermelding vir hulle bydrae tot die Menlo-spanne se sukses.

Vir Leanné Rademeyer en Hanlie Botha was die kompetisie die einde van 'n era, want die twee Parkies is sedert graad 8 spanmaats. Die Insig wens vir hulle en die ander matrieks wat aan hulle laaste debatskompetisie deelgeneem het, alles van die beste toe.

























# KULTUUR

## Poort-prosa-pronkstuk



Lesers kry vandeesweek die geleentheid om Dannhauser van der Merwe se twee werke wat vir die Poort-publikasie gekeur is, te geniet.

### *Ek onthou die dag…*

*Ek onthou die Vrydagoggend toe ons vir die laaste keer Upington toe ry – na Oupa toe. Oupa met sy koffiebruin oë en die padkaarte op sy hande. My oupa.*

*Die wit tuinhekkie het my aankoms luidkeels aangekondig en Oupa het die voordeur oopgemaak voordat ek kon klop. My oupa was altyd bly om my, sy enigste kleinseun, te sien. Iewers in die huis het Radio Pretoria, effens te hard, saamgekuier.*
Klik gerus **hier** om verder te lees.'

### *En die ding kyk terug…*

*Die eerste dag van grendeltyd het aangebreek. Die Facebook-fundi's (ook bekend as ma's) wat hulle doktorsgrade in die Koronavirus het, sê ons gaan eers weer in September parkiepieknieks kan hou. Die Eerstejaar in die huis is nie te bly hier-oor nie.* Klik gerus **hier** om verder te lees.

# MARKPLEIN


CAREER SPECIALIST
Mariana
PRETORIUS

Beroepsleiding/Loopbaanontwerp
Leerders en Studente

**Vakkeuse:**
Graad 8 & 9

**Loopbaanontwerp**
Graad 11 & 12
Studente



**Mariana Pretorius**
*Industrial Psychologist*
*Career Specialist*
*Business & Corporate Coach*
Cell : +27 84 510 9016
e-mail : mp@marianapretorius.co.za
Web : www.marianapretorius.co.za

*New beginnings*

**Te huur**
Meenthuis in Lynnwood Gardens
3 slaapkamers; 2 motorhuise;
nuut oorgedoen; onmiddellik beskikbaar;
klein privaat tuin
Huur R13 500.00; Skakel 083 974 3249

Laundry save

Wasgoed
Strykwerk
Verstellings
Droogskoonmaak
Ons lewer af!

Leerlinge in die koshuis? Ons help graag.

Menlopark Winkelsentrum
13de Straat
Menlopark

079 284 2674
service@laundrysave.co.za
www.laundrysave.co.za

# EDENPARK OORD
## NABOOMSPRUIT

*Bespreek en betaal voor die 25ste Junie en kwalifiseer vir die volgende spesiale aanbiedinge !*



### 4 Nagte - Midweek

Bespreek 4 nagte tussen 12 en 22 Julie vir slegs

**R1 400 (bespaar R400)**

### Naweek (Vrydag - Sondag)

Bespreek enige naweek tussen 9 en 25 Julie vir slegs

**R700 (bespaar R200)**





### 3 Nagte (4de nag gratis)

Bespreek 3 nagte teen R450 per nag en kry die

**4de nag gratis !**

## NAVRAE EN BESPREKINGS :

**Whatsapp : 079 455 9320**
**E-pos : edenparkoord@gmail.com**
**www.edenpark.co.za**